

MET DAPPER EN STAPPER

In die voetspore van ons voormense

Vir die eerste keer in die bestaan van die Namib het mense bloot vir die pret 'n staptog in die oudste woestyn ter wêreld onderneem. Ons voormense het baie myle daar uitgetrap. Ter wille van oorlewing. Op soek na kos en water. Op soek na werk. GERRIT RAUTENBACH het die 100 km langs die Skedelkus saamgestap, en respek gekry vir die mense wat dit met feitlik net 'n velkaros kon doen.



STRANDLOPERS ... Die eerste treë op Dag Een op pad na Sandvishawe.
GERRIT RAUTENBACH

DIE opskrif het gelees: "The Namib 100 – hike into the Forbidden Land". Dit was 'n uitnodiging vir 'n selektiewe groepie mense om die toetslopie van hierdie beoogde staptog, aangebied deur Live the Journey, mee te maak.

Dit het vir my absoluut ikonies geklink en ek sê toe dadelik ja.

Die Forbidden Land-benaming is uiteraard geïnspireer deur die feit dat die strook waardeur gestap word aan die begin van die 20ste eeu diamantstatus gekry het. Tot en met die ontdekking van dié blink klippies in 1908 was die kus en woestyn oop terrein vir almal wat die woestyn se ongenaakbaarheid kon weerstaan.

Ná die ontdekking het reëls en regulasies ingetree. Vandag is diamante nie meer ter sprake nie, tog is dit steeds 'n beheerde gebied. Die staptog vind in die Namib-Naukluftpark plaas en jy mag net saam met 'n konsessiehouer daar wees.

Mens-kloustrofobie

Terwyl ek inpak en regmaak vir die groot stap, het ek 'n bietjie oor die geskiedenis van hierdie gebied gelees.

Met 'n ouderdom van 55 miljoen jaar is die Namib die oudste woestyn op aarde. Vir die meerderheid van sy bestaan het hy vredig voortgegaan. Vir millennia was Homo sapiens nie naby nie en alles was goed.

Die woestyn wat vir ons so "dood" lyk, is eintlik lekker lewendig. Met robbe langs die kus, rooijakkalse, strandwolwe, meeue, seesterre, geitjies, verkleurmannetjies, adders en 'n paar ander kruipers.

Die mens het gekom, maar die goeie nuus is dat die Namib hom nie veel aan dié spesie steur nie. Hy is meesal maar nog soos hy altyd was.

Ek ly aan mens-kloustrofobie en hoe nader aan die woestyn, hoe beter raak dinge. Ons het in Walvisbaai "ingeklaar" vir die ekspedisie en is vroeggend met 'n konvooi viertrekkers die woestyn in.

Die beginpunt was by 'n plek genaamd Modderbankies. Van Suid-Afrika se 58 miljoen na Namibië se 2,5 miljoen tot by Modderbankies se 17 stappers en vyf spanlede. Duidelik...

Modderbankies is waar die Kuisebrivier, wat sekerlik die grootste lewensaar van die Namib is, desjare uitgemond het. Nee, voor ons die mens blameer, dit was die wind wat die monding met sandverskuiwing gesnoer het.

Vandag loop hy iewers verder binnelands ondergronds die sand in en verskaf só meer as genoeg water aan Walvisbaai sodat g'n mens daar tot 'n twee-minuut-stort beperk is nie. (Iets wat ek sal onthou vir die terugkeer uit die woestyn uit.)



SOVEEL SPASIE ... 'n Duin stap die beste op sy kruin.
GERRIT RAUTENBACH

Die Topnaars

Dit bring ons by die Kuisebrivier waar 'n unieke groep mense hulle gevestig het. Die Topnaars. Hulle is om verskeie redes baie spesiaal.

Eerstens is dié deel waarin ons stap Topnaargebied en ons het hul toestemming nodig om hier te stap. Ons betaal 'n konsessiefooi vir die voorreg, wat goed is.

Vir jare der jare het die Topnaars op die oewer van die Kuiseb gebly met net 'n paar stuks vee en narra-plante vir oorlewing. Daar is baie teorieë en stories oor die oorsprong en pad wat die Topnaars geloop het om die Topnaars op die oewer van die Kuiseb te word.

Tussen die stap deur gaan ek pogg om dit te verduidelik soos dit vir my sin maak.

Volgens dr. H. Vedder in *Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika* het die Khoi-Khoi baie lank terug van die Groot Mere in Midde-Afrika af suidwaarts getrek. Kort-kort het van hulle iewers vasgesteek.

Wie presies waar is nie heeltemal ter sprake nie, maar die Topnaars het sowat 1,000 jaar terug op die noordelike oewer van die Kuisebrivier nes geskrop. Hulle is nou nog daar.

Die term "Topnaar" is direk vertaal van die Nama-woord "#Aonin", wat beteken inwoners van die marginale gebied wat goed genoeg (top) was om daar te kon oorleef. Iewers moes Nederlands sekerlik ook 'n rol gespeel het om die woord "top" in te bring.

In twee verdeel

In 'n mate is die Topnaars baie soos ons Afrikaners. Sodra 'n groepie vorm, gaan iémand mos afstig. Die Topnaars het in twee verdeel met die vredeliewendes (!Naranin) op die oewer van die Kuiseb en die strydlystiges (Hurunin) by die see in die omtes van wat nou Sandvishawe is, waar ons op Dag Een verbygestap het.

Die strandmeer is amper vier kilometer lank en is een van Namibië se belangrikste vleilande wat agt bedreigde voëlspesies huisves. Wat wel nie bedreig is nie, is die hordes pienk flaminke wat eenbeen in die vlak water staan en vere dos.

Net soos ons suidwaarts spore gemaak het, het kaptein Kachab en sy strydlystige Hurunin ook. Terloops, Hurunin beteken strandloper en hulle is eindelijk al die pad af tot by die Kaap de Goede Hoop. Autshumato of Harry die Strandloper is dus moontlik 'n afstammeling van die Hurunin.

Daar is ook 'n teorie dat Jager en sy seun Jonker Afrikaner ook afstammeling van die Hurunin was, en dat Jonker en sy kliek weer gemeng het met die !Naranin – die Topnaars wat op die Kuiseb agtergebly het toe hulle vele jare later teruggestap het.

Jonker het naby Tulbagh in die Groot Winterhoekberge gebly voordat hy noordwaarts gestap het. Van die Kuiseb af het hy hom ooswaarts by Ai-Gams gaan vestig. Daar het hy terugverlang na sy plek in die Groot Winterhoekberge.

Toe verander hy Ai-Gams se naam na Klein Winterhoek, wat later verkort het na Klein Windhoek, die oudste voorstad in die hedendaagse Windhoek. Waar Jonker se huis was, kry 'n mens vandag die Suid-Afrikaanse ambassade.



SANDKUNS ... Moeder Aarde se vingerafdruk lê oor die duine gesaai.
GERRIT RAUTENBACH

Dag Een agter die rug

Ná net meer as 20 km het Dag Een se stap einde gekry met 'n klein draaitjie weg van die see af agter 'n duin in. Ek is reguit na die bakkie met die yskas op (met die mooiste naam – die Engel) vir 'n yskoue moutdrankie.

Die weer was ons regdeur die staptog baie genadig, maar sandstap maak dors, al het jy net 'n dagsakkie op jou rug gehad met genoeg water en padkos ingepak.

Terwyl die agtermiddag afwen en die stappers een vir een inkom, kom daar 'n rustigheid oor jou. Jy voel goed oor wat jy vermag het. Jy voel bevoorreg om in die regte egte woestyn te kan tent opslaan.

'n Duin met Moeder Aarde se vingerafdruk op begin lang skadu's maak. Heilige grond. Weswaarts kruip 'n misbank oor die see. Nou-nou gaan die son sak en die rooijakkalse begin raas. Jy is dankbaar. Nie net dankbaar omdat jy dié uniekheid kan ervaar nie, maar omdat dit vir jou maklik gemaak word. In die voortyd was daar g'n luuksheid nie.

Die Live the Journey-manne weet hóé. Jy moet net jou eie tent opslaan en jou eie bier oopmaak. Hulle het elke dag 'n hele toegeruste kamp gebou met 'n windskerf, vuurmaakplek, stoele en tafels, 'n warmwaterstort en

’n kleinhuisie, driegangmaaltye (met roomys vir poeding) en ’n ton vars water.

Hulle ry alles saam. Daar is niks in die woestyn nie, maar daar gaan ook niks agterbly nie. Selfs nie ’n lemoenskil nie; dit versteen en ontbind nie.

Voorwaarts mars!

Dag Twee het begin met ’n dikke misbank oor die see. Dit was die dag van die Langewand, ’n natuurverskynsel waar die duine soos ’n lang muur tot in die see strek. Jy kan net met laagwater daar loop of ry. Party mense verwys daarna as die "doodsakker", veral as hoogwater jou met ’n viertrek vang.

Omdat elkeen teen sy of haar eie tempo kon stap, het ek myself langs die 13 km lange wand in totale isolasie in gestap. Die mis het bly hang, wat my weggesteek het van die wêreld. Vir ’n paar kilometer was ek ’n voormens. Was ek die enigste mens. Was ek in die hemel.

Dag Drie was die dag van die duine. Ná 16 km het ons weggeswaai ooswaarts, binneland toe. Duin op en duin af, soms met die drie-tweestappie. Drie treë vorentoe, twee treë terug. Daai dag se bier was die beste van die hele 100 km.

Dag Vier was die 70/30-dag. Jip, 70 km lê agter en 30 nog voor. Min of meer. Dit was ook die dag van Conception Water. In die diamantdae was hierdie dorpie 11 km van die Conception-hawe af, want daar was water. Vandag staan daar net die roeskarkas van die ou Lister wat desjare water per pyplyn gepomp het, en ’n houthuisie wat as polisiestasie gedien het.

Wat min mense weet, is dat daai huisie eers die ou lykshuis op Swakopmund was. Blykbaar het die polisiemanne wat daarin moes slaap maar swaar gekry. Kort-kort in die nagte het die geluide gekom. Een nag was so erg, ’n konstabel het sy diensrewolwer gegryp en laat waai. Arme strandwolf ...

In die dae van die diamante moes mense wat werk gesoek het by Conception Water kom aansoek doen. Al manier hoe hulle van Walvisbaai tot daar kon kom, was ook om te stap.

Met min kos en minder water het baie dit nie gemaak nie. En partykeer moes van diegene wat dit wel gemaak het, hoor: "Jammer, daar is nie nou werk nie." Só beleef ek die geskiedenis terwyl ek my tweede sosatie vat en my Skotse water optop. Met eish, ja.



MIN MOEITE ... As die son sak in die weste, is 'n stapper op sy beste. Die Live The Journey-span ry feitlik alles vir jou saam.
GERRIT RAUTENBACH

Einde se kant toe

Die laaste dag, 5 September 2019, stap ons 11 km tot by ons eindpunt, Conception-baai en die wrak van die Eduard Bohlen, 'n Duitse vragskip wat op 5 September 1909 op pad van Swakopmund na Tafelbaai hiér gestrand het. Presies 110 jaar gelede.

Die beste is, nie een van die groep voel soos 'n wrak ná 100 km se sand nie. Inteendeel, daar is 'n dankbaarheid by almal. Dankbaar vir die geleentheid. Dankbaar vir die Topnaars wat ons in hul grondgebied laat stap het.

Al is dit 11 km ver, kan 'n mens die Eduard Bohlen sien. Wat goed is, want die voertuie wat gewoonlik vir ons 'n spoor gelos het, kon nie ry waar ons moes stap in die reguit lyn tussen die lykshuisie en die wrak nie.

Ons stap oor eeue-oue soutpanne en die voertuie is te swaar daarvoor. Hulle ry ompad. Die soutkorse lê uitgestrek in 'n patroon met halfnat woestynsand tussenin. Dit lyk soos reuse-voetspore. En met die seebries van voor is Kerkkorrel skielik ook daar ...

Hier stap ons nou

*in die voetspore van die brontosaurus
hier oor die woestyne waar een tyd
oerwoud was.*

*Kan jy sien hoe ver het ons gekom
in die sirkels van die tyd
met ons medaljes en ons wonde
stap ons oor die drumpel uit ...*

Ek dra hierdie storie op aan almal wat voor my moes stap. En aan Moeder Aarde se oudste mooi.

*En sy dans in die sandwoestyn
en ons streef met ons blote hande
oor die eindelose sand ...*

Inligting oor die Namib 100-staptog is binnekort beskikbaar op www.livethejourney.co.za. Stuur intussen 'n epos na info@livethejourney.co.za.



ROESKARKAS ... Die Eduard Bohlen het 110 jaar gelede op pad van Swakopmund na Tafelbaai langs die Skedelkus gestrand.
GERRIT RAUTENBACH

* **Verwysings**

Barnard, S.L. 1992. Oorsigartikel: "Die Topnaars van die Benede-Kuisebrivier in Namibië en Walvisbaai tot 1990". *SA Joernaal vir Kultuurgeskiedenis*, 6(3):91-7. Kerkorrel, J. 1992. "Blou Aarde". Levinson, O. 1961. *The Ageless Land*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. Schneider, G. 2008. *Treasures of the Diamond Coast*. Windhoek: Macmillan Education Namibia Publishers. Vedder, H. 1937. *Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika*. Windhoek: John Meinert.
